

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

FEB / MAR 2006

**AARDRYKSKUNDE SG
(Tweede Vraestel: Kaart- en
Lugfotovertolking)**

TYD: 1½ uur

PUNTE: 60

HULPBRONMATERIAAL:

- ? Uittreksel van die topografiese kaart van Estcourt
- ? Uittreksel van die ortofotokaart van Estcourt

BENODIGHEDE:

- Kandidate moet hulle eie instrumente voorsien en mag van ? standaard, nie-programmeerbare sakrekenaar en ? vergrootglas gebruik maak.

INSTRUKSIES:

- Beantwoord AL die vrae.
- Al die diagramme verskyn in die **Inligtingsblad op bladsy 6** van hierdie vraestel.
- In die geval van berekening moet **alle stappe** getoon word.
- Die hulpbronmateriaal (d.w.s. die topografiese kaart en die ortofotokaart) moet deur die skole ingeneem word vir hul eie verdere gebruik.
- Kandidate moet van hulle kennis van fisiese en menslike aardrykskunde gebruik maak om die vrae te beantwoord.
- Die ligging van verskynsels word soos volg aangetoon:
 - Hoofletters op die topografiese kaart
 - Syfers op die ortofotokaart

Die volgende Engelse terme met hul Afrikaanse vertalings verskyn op die topografiese kaart:

Boat club	- <i>Bootklub</i>	Nature Reserve	- <i>Natuurreservaat</i>
Boesmans River	- <i>Boesmansrivier</i>	Power line	- <i>Kraglyn</i>
Caravan Park	- <i>Karavaanpark</i>	Rail Route	- <i>Spoorroete</i>
Furrow / Canal	- <i>Voor / Kanaal</i>	Rifle Range	- <i>Skietbaan</i>
Game Reserve	- <i>Wildreservaat</i>	Sewage Works	- <i>Rioolwerke</i>
Landing Strip	- <i>Landingstrook</i>	Tunnel	- <i>Tonnel</i>
Monument	- <i>Monument</i>	Weir	- <i>Stuwal / uitkeerwal</i>


VRAAG 1

Verwys na **Figuur 1** op **bladsy 6**. Estcourt is geleë in 'n gebied bekend as die KwaZulu-Natalse Middellande.

- 1.1 Noem die name van die provinsies gemerk **B**, **D** en **E**. (3)
 - 1.2 Watter TWEE ekonomiese streke word deur die nasionale deurpad, die N3, wat die topografiese kaart kruis, verbind? (2)
 - 1.3 Noem die wateroordragskema in **Figuur 1** wat water vanaf die opvanggebied van die Tugelarivier na die Vaaldam vervoer. (2)
- [7]**

VRAAG 2

- 2.1 Die berge op die topografiese kaart het almal dieselfde vorm en is naasteby ewe hoog. Verwys na die diagram hieronder.



- 2.1.1 Die kantaansigskets van die berg op 'n lyn gemerk **A** in ruit B1 en B2 vertoon die tipiese vorm en hange. Teken die diagram in jou antwoordboek oor en benoem die tipiese hangvorme. (4)
- 2.1.2 Toon op die skets waar die weerstandbiedende rotslaag geleë is. (2)
- 2.1.3 Verskaf 'n naam vir die landvorm wat gedeeltelik deur die diagram voorgestel word. (2)
- 2.2 Erosie kom in verskillende tempo's in die gebied rondom Estcourt voor.
 - 2.2.1 Benoem die fisiese verskynsel of landvorm gemerk **B** in ruite E10 en F10. Kies uit: Rug óf nek. (1)
 - 2.2.2 Beskryf die gradiënt van die hange gemerk **C** en **D** aan weerskante van die verskynsel gemerk **B**. Gebruik die terme steil en geleidelik. (2)
 - 2.2.3 Op watter hang (**C** óf **D**) sal die riviere meer ontstuiwig vloei? Waarom is dit só? (4)

2x2=(4)
[15]

VRAAG 3

Die Estcourtgebied is ideaal vir ontspanningsaktiwiteite en die uitsig is goed.

- 3.1 Noem TWEE bewaringsgebiede wat op die topografiese kaart aangetref word. (2)
- 3.2 Wat is die naam van die groot dam wat op die topografiese kaart aangetref word? (1)
- 3.3 Bereken die lengte van die damwal (Vraag 3.2) in meter. (3)
- 3.4 Is die damwal sigbaar vanaf die N3 nasionale deurpad? (1)
- 3.5 Wat is die rigting van die aanloopbaan gemerk **G** by die lughawe in ruit C10? (2)
- 3.6 Bereken die gradiënt van die aanloopbaan gemerk **H** deur gebruik te maak van die kontoerlyne as metingspunte.

$$\text{Gradiënt} = \frac{\text{Hoogteverskil (m)}}{\text{Horisontale afstand (m)}} \quad (5)$$

[14]

VRAAG 4

Verwys na die ortofotokaart, maar raadpleeg ook die topografiese kaart.

- 4.1 Identifiseer die natuurlike verskynsels gemerk **1** in ruit J6 en **2** in ruit K7. (2)
- 4.2 Watter ekonomiese aktiwiteit vind in ruit J1 plaas? (1)
- 4.3 Identifiseer die vorms van vervoerdienste gemerk **5** in ruit J2 en K1. (2)
- 4.4 Watter grondgebruiksone word in ruit K3 en L3 aangetref?
Kies uit: Sentrale sakekern of Landelik-stedelike oorgangsone. (1)
- 4.5 Wat is die naam van die hoofpad wat deur hierdie grondgebruiksone (Vraag 4.4) loop? (1)
- 4.6 Waarom is die grondgebruiksone in ruit N2 vir die welgestelde mense? 1x2=(2)
- 4.7 Watter pyl, gemerk **6**, **7**, **8**, of **9** in die regterkantse boonste hoek van die ortofotokaart, verteenwoordig die rigting Ware Noord? (2)
- [11]**

VRAAG 5

Stedelike uitbreiding en armoede is 'n werklikheid in alle moderne Suid-Afrikaanse dorpe.

- 5.1 Hoe sal die uitbreiding van die nedersettings in ruit E3 en F2 'n invloed op die woude in die suidwestelike gebied op die topografiese kaart uitoefen? (2)
- 5.2 Noem EEN negatiewe omgewingsinvloed wat kan voorkom na aanleiding van jou antwoord in Vraag 5.1. (2)
- 5.3 Die stippellyn gemerk **E** in ruit C3 en D2/3 op die topografiese kaart toon die omvang van die beboude gebied van Wembezi in 1975 aan. In watter rigting het die beboude gebied sedertdien uitgebrei? $2 \times 2 = (4)$

[8]

VRAAG 6


Verwys na **Figuur 2** op bladsy 6, 'n dwarsaansig wat geteken is vanaf Beacon Hill in ruit E10 na die kraglyne by 29°02' Suid en 29°56,8' Oos in ruit C12 op die topografiese kaart.

- 6.1 Pas elk van die volgende verskynsels by EEN van die punte wat 1 tot 15 op die dwarsaansig gemerk is.
- 6.1.1 Nasionale pad
- 6.1.2 Konkawe helling
- 6.1.3 'n Erosiesloot (donga)
- 6.1.4 Uitloper
- 6.1.5 Enkelkraglyn (5)

[5]


TOTAAL: 60

INLIGSTINGSBLAD



FIGUUR 1

- Internasionale grens
- - -** Provinsiale grens
- ~** Riviere



FIGUUR 2

EINDE